[6] N.G. Kerk Meyerspark – Weeklikse Individuele Bybelstudie uit die Psalms – Psalm 14

A. Inleiding

Wanneer die leser van die Psalms by Ps 14 kom, is dit belangrik om die pad te onthou waarlangs hy of sy gekom het. Psalms 1-2 het saam ŉ inleiding op die hele Psalmboek gevorm, en daarna was Psalms 3-14 die eerste groep "Dawidsgebede" wat ŉ eenheid vorm en nou afgesluit word. Die redakteurs het hulle as ŉ eenheid saamgebind deur die twee gebede vir die verlossing van die Here se volk in Ps 3:9 en 14:7 in te voeg. Dié reeks van Ps 3-14 bestaan egter uit twee mini-reekse, 3-7 (saamgebind deur die opskrifte in Ps 3 en Ps 7) en 11-14 (saamgebind deur ooreenkomste tussen Ps 11 en 14). Psalm 8 is ŉ loflied oor die Here se genade teenoor die mens, wat as sluitsteen tussen hierdie twee mini-reekse ingevoeg is (3-7.8.11-14). Op ŉ baie laat stadium, reken die beste kommentare, is Psalm 9-10 (as een psalm) nog weer tussen 8 en 11-14 ingevoeg. Ons sal nog weer by die samehang van die hele groep 1-14 moet stilstaan.

Voorlopig is dit net belangrik om te onthou dat die inleiding, Ps 1-2, die leser inlig oor wat ŉ mens moet doen om werklik **gelukkig** te wees: Vgl. Hoe Ps 1:1, "Gelukkig is die persoon wat..." en Ps 2:12, "Gelukkig is almal wat..." ŉ raam vorm rondom die inleiding. Geluk is om die pad van die Here te kies en daarop te loop. Dit is die pad uiteengesit in sy Woord (1:2). Individue en volke is verstandig as hulle hulle onderwerp aan die Here se gesag, soos verteenwoordig deur sy gesalfde koning (2:9-12) en hulle nie teen sy Woord of gesag verset nie (Ps 2:1-3).

In Psalms 3-14 vind ons dan die eerste gebede van "Dawid". (Die aanhalingstekens is bedoel om aan te dui dat Dawid nie noodwendig die outeur daarvan is nie – die redakteurs het hom egter gekies om te demonstreer hoe elke gelowige behoort op te tree en te bid.) Dit is interessant dat ons "Dawid" in Ps 3 op die absolute laagtepunt van sy lewe aantref – besig om te vlug vir ŉ rebellie wat deur een van sy eie seuns, vir wie hy baie lief was, gelei word! "Dawid" is die gesalfde aan wie die Here besondere voorregte in Ps 2 toegesê het. Maar, as middelaar tussen die Here en sy volk en as die volk se voorbidder, moet hy sélf die pad van vernedering en lyding loop, moet hy sélf ervaar wat vyandskap van sy eie mense en die goddelose is. In hierdie psalms word hy ook geteken as iemand wat self doen wat hy in Ps 2 vir ander sê om te doen – hy soek voortdurend sy toevlug by die Here en moedig ander mense aan om dieselfde te doen, terwyl hy ook vir hulle bid!

Die diepste lyding en swaarkry word in Ps 6 en Ps 13 beleef. Maar uiteindelik tref ons Dawid dan in Ps 14 aan waar hy as ŉ soort wysheidsleraar ŉ opsomming van die noodtoestand in die wêreld gee – die wêreld is vol onreg, verdrukking en uitbuiting, want baie mense glo nie daar is ŉ God nie en hulle steur hulle dus nie aan sy voorskrifte nie. Soos baie keer in die reeks 3-14 bevestig die spreker, "Dawid", dat die Here kennis neem van wat mense doen; dat Hy aan die kant van die regverdiges is, dat Hy die goddeloses sal verskrik en sy volk sal red. Deur "Dawid" se voorbeeld (in Psalms 3-14) wou die redakteurs van die Psalms dus aan hulle medegelowiges die boodskap oordra dat die Here kennis neem van wat op aarde gebeur en dat Hy op die regte tyd sal ingryp om verontregting van die regverdiges te stop. Ons kan Ps

14 in twee dele indeel: 14:1-4 handel oor die korrupte mensdom; 14:5-7 oor die gevolge vir die Here se volk en sy reaksie. Dit word afgesluit met ’n gebed vir die Here se volk (vgl. ook 3:9).

Die 1953-vertaling word gebruik sodat verbande tussen tekste makliker geëien kan word. Jy is welkom om egter enige vertaling te raadpleeg. Daar is weer moontlike antwoorde aan die einde, maar probeer eers self om die vrae te beantwoord.

Psalm 14

1	VIR die musiekleier. ’n Psalm van Dawid. Die dwaas sê in sy hart: Daar is geen God nie. Sleg, afskuwelik maak hulle hul dade; daar is niemand wat goed doen nie.	Ps. 10:4. Gen. 6:5,11.
2	Die HERE het uit die hemel neergesien op die mensekinders, om te sien of daar iemand verstandig is, wat na God vra.	
3	Hulle het almal afgewyk, tesame het hulle ontaard; daar is niemand wat goed doen, ook nie een nie.	
4	Het al die werkers van ongeregtigheid dan geen kennis nie, die wat my volk opeet asof hulle brood eet? Hulle roep die HERE nie aan nie.	Ps. 82:5. Miga 3:3.
5	Dáár het skrik hulle oorweldig, want God is by die regverdige geslag.	
6	Die raad van die ellendige — julle kan dit tot skande maak; waarlik, die HERE is sy toevlug.	
7	Ag, mag die verlossing van Israel uit Sion kom! As die HERE die lot van sy volk verander, dan sal Jakob juig, Israel sal bly wees.	Ps. 3:9

B. Besprekingsvrae

1. Die spreker skets twee scenario’s: Mense besluit (sonder om eers daaroor na te dink) daar gaan niks bo in die hemel aan nie – daar is nie ’n God nie. Daarom leef hulle asof hulle nooit verantwoording sal hoef te doen nie. Die Here, op sy beurt, wil kyk wat op die aarde gebeur. Hy doen ’n grondige ondersoek – en vind daar is (feitlik) geen verstandige mens op aarde nie! Dit bevestig Ps 12:2. Hoekom sou iemand kon beweer dat hierdie twee tonele reeds in Ps 2 beskryf is? Vergelyk 2:1-3 met 14:1; 2:4 met 14:2; 2:10 met 14:2; 2:5 met 14:5; en 2:12 met 14:6 en 7.

2. Wat doen die “werkers van ongeregtigheid” dat hulle die Here se “volk opeet asof hulle brood eet”? Wie is hulle presies? Lees Ps 10:4-11 vir ’n uitgebreide beskrywing

van hulle optrede, en ook Miga 3:3 en Spreuke 30:14. In die tyd ná die ballingskap, toe die Psalms saamgestel is, was daar baie Jode wat as bestaansboere, dagloners, vakmanne, skuldenaars, weduwees en weeskinders gesukkel het om ’n bestaan te maak (die “armes” en “ellendiges”). Baie van hulle het probeer om ’n opregte, toegewyde lewe te leef en het op die Here vertrou om hulle te beskerm. Dié wat hulle bedreig het, die “werkers van ongeregtigheid” en “goddeloses”, was meestal Jode wat hulle rug op God gekeer het, wat nie meer geglo het in sy bestaan of dat Hy enige rekenskap van hulle sal eis nie.

3. “As die Here die lot van sy volk verander” is ’n uitdrukking wat ’n toestand aandui waarna die volk tydens die ballingskap uitgesien het, maar ook ná die ballingskap, toe dit die betekenis gekry het van “wanneer die Here sy hele volk, Juda én Israel, weer in hulle eie land herstel en by hulle sal wees as hulle God wat hulle seën en beskerm”. Selfs in Jesus se tyd het dié hoop nog bly voortleef (lees byvoorbeeld Handelinge 1:6). As Christene glo ons die Here het dit reeds gedeeltelik op ’n ander manier waar gemaak. Hoe beleef ons hierdie werklikheid? Vergelyk Ps 14:5 met Matt 28:20, Joh 1:9-14 en 14:16-17. Tog wag gelowiges steeds op God se nuwe koninkryk wat volkome harmonie sal teweegbring. Lees Openbaring 22:3-4 en vergelyk dit met Ps 11:7.

4. Volgens Genesis 11:5 het die Here, toe die mense die stad en die toring van Babel gebou het, ondertoe gekom om te kyk wat hulle doen. Dit is ironies bedoel, want hulle bou ’n toring wat tot aan die hemel reik, maar die Here moet aarde toe kom om te kom kyk na hulle torinkie. Die voorstelling in die Psalms hou egter vir gelowiges baie troos in. Lees die volgende tekste en vergelyk dit met Ps 14 se voorstelling: Ps 11:4; 33:13-15 en 102:17-23. Lees ook Jesaja 40:21-31. Hoe help dit om ’n gelowige nuwe perspektief te gee?

5. Watter boodskap het Ps 14 vir jou persoonlik? Watter perspektief gee dit jou op mense se selfsugtige optrede en die Here se betrokkenheid by ons wêreld? Dank Hom vir sy genade en vra Hom om jou te help om altyd perspektief te behou, al lyk dinge ook hoe sleg.

C. Riglynantwoorde

1. Ps 2:1-3 met 14:1 – Die opstand van die heidense volksleiers teen die Here en sy gesalfde is bedoel om sy “toue” en “bande” af te gooi – dit is die Here se reëls vir die samelewing. Die dwaas wat dink daar is nie ’n God nie, hoop of wens dit ook maar, want hy wil nie gebonde wees aan God se voorskrifte nie. 2:4 met 14:2 – Die Here word geteken in sy posisie van mag in die hemel. In Ps 2:4 is Hy geamuseerd oor die mense se doen en late, maar in Ps 14:2 is Hy meer teleurgestel oor álmal die verkeerde pad gekies het. 2:10 met 14:2 – Die Here wil hê mense moet “verstandig” optree, dus bewus wees van Hom en sy vermoëns. 2:5 met 14:5 – Die Here tree in beide gevalle met verontwaardiging op en dit boesem vrees in by diegene wat Hom nie wou erken nie. 2:12 met 14:6 en 7 – Die woorde “skuil” of “toevlug” en “juig” kom

in beide psalms voor: Die Here dien altyd as toevlug vir diegene wat by Hom skuil, dit is hulle wat rede het om in Hom te juig oor sy beskerming.

2. Ps 10:4-11 – Omdat hulle glo dat daar geen God is nie, glo hulle dit sal altyd met hulle goed gaan. Hulle vloek en bedrieg en intimideer mense met hulle monde. Hulle lê onskuldiges voor en maak hulle dood en vang ellendiges soos ’n leeu of jagter sy prooi vang. Boonop dink hulle God neem nie daarvan kennis nie. Miga 3:3 beskryf dit ook as die optrede van mensvreters wat die Here se mense slag, opkap en opkook. Spreuke 30:14 beskryf hoe mense met hulle tande (dus deur onetiese gebruik van hulle monde, verkeerde spraak) arm mense kan “opvreet”.

3. Ps 14:5 sê God is by die regverdige geslag, by sy kinders. In Matt 28:20 beloof Jesus om altyd by sy dissipels te wees, tot die einde van die wêreld. Joh 1:9-14 sê dat die Woord mens geword het en tussen ons kom bly het. Joh 14:16-17 beloof dat die Trooster sal kom en altyd by ons sal wees. Met Pinkster het dit ’n werklikheid geword. Openbaring 22:20 beloof dat God se troon by ons sal wees en dat ons sy aangesig sal sien, soos Ps 11:7 sê.

4. Ps 11:4 – Die Here se troon is in die hemel en sy oë sien die mense; 33:13-15 – Die Here kyk uit die hemel af en sien alle mense, ook alles wat hulle doen; 102:17-23 – Die Here hoor die gebede van mense wat swaarkry, Hy kyk af en hoor die kreun van mense in ballingskap en wat (onskuldig) ter dood veroordeel is; hulle sal uiteindelik in Sion sy lof besing. Jesaja 40:21-31 – Die Here sit bo die sirkel van die (plat) aardskyf. Hy sien die mense soos sprinkane. Hy is die Skeppergod, wat mense se regering tot ’n einde kan bring. Hy gee krag aan dié wat swaar kry. Om die Here só in jou geestesoog te sien, bring hoop in tye van swaarkry.